


copy

**THE PROVINCE OF
GAUTENG**



**DIE PROVINSIE
GAUTENG**

Provincial Gazette Extraordinary Buitengewone Provinsiale Koerant

Selling price • Verkoopprys: **R2,50**
Other countries • Buitelands: **R3,25**


Vol. 9

PRETORIA, 14 NOVEMBER 2003

No. 492

We all have the power to prevent AIDS

AIDS
affects
us all



A
new
struggle

Prevention is the cure

**AIDS
HELPLINE**

0800 012 322

DEPARTMENT OF HEALTH



9771682452005

03492

CONTENTS • INHOUD

<i>No.</i>	<i>Page No.</i>	<i>Gazette No.</i>
LOCAL AUTHORITY NOTICES		
2418 Town-planning and Townships Ordinance (15/1986): Kungwini Local Municipality: Declaration as an approved township: Boardwalk Villas Extension 4	3	492
2419 do.: do.: Peri-Urban Amendment Scheme 382.....	7	492

LOCAL AUTHORITY NOTICES

LOCAL AUTHORITY NOTICE 2418

KUNGWINI LOCAL MUNICIPALITY DECLARATION OF BOARDWALK VILLAS EXTENSION 4 AS AN APPROVED TOWNSHIP

In terms of section 103 of the Town Planning and Townships Ordinance, 1986 (Ordinance 15 of 1986), the Kungwini Local Municipality hereby declares Boardwalk Villas Extension 4 township to be an approved township subject to the conditions set out in the Schedule hereto.

SCHEDULE

CONDITIONS UNDER WHICH THE APPLICATION MADE BY ERF 105 ERASMUSKLOOF X 3 CC (HEREAFTER REFERRED TO AS THE APPLICANT) UNDER THE PROVISIONS OF THE TOWN PLANNING AND TOWNSHIPS ORDINANCE, 1986 (ORDINANCE 15 OF 1986), FOR PERMISSION TO ESTABLISH A TOWNSHIP ON PORTION 108 OF THE FARM TWEEFONTEIN 372-JR, HAS BEEN GRANTED

1. CONDITIONS OF ESTABLISHMENT

(1) NAME

The name of the township shall be Boardwalk Villas Extension 4.

(2) DESIGN

The township shall consist of two erven as indicated on General Plan No. S.G. No. 8268/2003.

(3) DISPOSAL OF EXISTING CONDITIONS OF TITLE

All erven shall be made subject to existing conditions and servitudes, if any, including the reservation of rights to minerals, but excluding –

(a) the following servitude which does not affect the township:

"Kragtens Notariële Akte No. K 07173/02-S gedateer 01/10/2002 is die hierinvermelde eiendom onderhewig aan 'n servituut van reg van weg 8 meter wyd oor Hoewe 10 OLYMPUS AGRICULTURAL HOLDINGS ten gunste van:

1. Resterende Gedeelte van Hoewe 11 OLYMPUS AGRICULTURAL HOLDINGS = 1,0655 HA
2. Gedeelte 1 van Hoewe 11 OLYMPUS AGRICULTURAL HOLDINGS = 1,0757 HA
3. Gedeelte 2 van Hoewe 11 OLYMPUS AGRICULTURAL HOLDINGS = 1,0679 HA
4. Gedeelte 3 van Hoewe 11 OLYMPUS AGRICULTURAL HOLDINGS = 1,0757 HA

soos meer volledig sal blyk uit gemelde Notariële Akte waarvan 'n afskrif hieraan geheg is."

(b) the following servitudes which affect Erf 14 in the township only:

"E. By Notarial Deed K. 421/84-S, the right has been granted to the CITY COUNCIL OF PRETORIA to convey electricity over the property hereby transferred together with ancillary rights, and subject to conditions, as will more fully appear on reference to the said Notarial Deed and diagram."

"Kragtens Notariële Akte No. K 8475/96-S gedateer 14/10/96 is die hierinvermelde eiendom onderhewig aan 'n ewigdurende reg om water te neem en vervoer oor die binne-gemelde eiendom deur middel van pypleiding wat reeds gelê is en gelê mag word binne 'n strook grond 3254m² aangedui deur figuur ABCD op kaart SG No. A 10001/92 ten gunste van Rand Water tesame met bykomende regte soos meer volledig sal blyk uit gemelde Notariële Akte waarvan 'n afskrif hieraan geheg is."

(4) CONSOLIDATION OF ERVEN

The township owner shall at its own expense cause Erven 13 and 14 in the township to be consolidated.

(5) DEMOLITION OF BUILDINGS AND STRUCTURES

The township owner shall at its own expense cause all existing buildings and structures situated within the building line reserves, side spaces or over common boundaries to be demolished to the satisfaction of the local authority, when required by the local authority to do so.

(6) REMOVAL OF LITTER

The township owner shall at own expense cause all litter within the township area to be removed to the satisfaction of the local authority, when required by the local authority to do so.

(7) REMOVAL OR REPLACEMENT OF MUNICIPAL AND TELKOM SERVICES

If, by reason of the establishment of the township, it should become necessary to remove or replace any existing municipal and Telkom services, the cost thereof shall be borne by the township owners.

(8) REMOVAL OR REPLACEMENT OF ESKOM POWER LINES

If, by reason of the establishment of the township, it should become necessary to remove or replace any existing Eskom power lines, the cost thereof shall be borne by the township owners.

2. CONDITIONS OF TITLE

The erven mentioned hereunder shall be subject to the conditions as indicated / imposed by the Local Authority in terms of the provisions of the Town Planning and Townships Ordinance, 1986 (Ordinance 15 of 1986).

(1) ALL ERVEN

- (a) The erf is subject to a servitude, 2 m wide, in favour of the local authority, for sewerage and other municipal purposes, along any two boundaries other than a street boundary and in the case of a panhandle erf, an additional servitude for municipal purposes 2 m wide across the access portion of the erf, if and when required by the local authority: Provided that the local authority may dispense with any such servitude.
- (b) No building or other structure shall be erected within the aforesaid servitude area and no larger-rooted trees shall be planted within the area of such servitude or within 2 m thereof.
- (c) The local authority shall be entitled to deposit temporarily on the land adjoining the aforesaid servitude such material as may be excavated by it during the course of the construction, maintenance or removal of such sewerage mains and other works as it in its discretion may deem necessary and shall further be entitled to reasonable access to the said land for the aforesaid purpose subject to any damage done during the process of the construction, maintenance or removal of such sewerage mains and other works being made good by the local authority.

PLAASLIKE BESTUURSKENNISGEWING 2418

**KUNGWINI PLAASLIKE MUNISIPALITEIT
VERKLARING VAN BOARDWALK VILLAS UITBREIDING 4 TOT 'N GOEDGEKEURDE DORP**

Ingevolge artikel 103 van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1986 (Ordonnansie 15 van 1986), verklaar Kungwini Plaaslike Munisipaliteit hierby die dorp, Boardwalk Villas Uitbreiding 4 tot 'n goedgekeurde dorp onderworpe aan die voorwaardes uiteengesit in die bygaande Bylae.

BYLAE

VOORWAARDES WAAROP DIE AANSOEK GEDOEN DEUR ERF 105 ERASMUSKLOOF X 3 BK (HIERNA GENOEM DIE APPLIKANT) INGEVOLGE DIE BEPALINGS VAN DIE ORDONNANSIE OP DORPSBEPLANNING EN DORPE, 1986 (ORDONNANSIE 15 VAN 1986), OM TOESTEMMING OM 'N DORP TE STIG OP GEDEELTE 108 VAN DIE PLAAS TWEEFONTEIN 372-JR, TOEGESTAAN IS

1. STIGTINGSVOORWAARDES

(1) NAAM

Die naam van die dorp is Boardwalk Villas Uitbreiding 4.

(2) ONTWERP

Die dorp bestaan uit twee erwe soos aangedui op Algemene Plan L.G. Nr. 8268/2003.

(3) BESIKKING OOR BESTAANDE TITELVOORWAARDES

Alle erwe moet onderworpe gemaak word aan bestaande voorwaardes en serwitute, as daar is, met inbegrip van die voorbehoud van die regte op minerale, maar uitgesluit-

(a) die volgende serwituut wat nie die dorp raak nie:

"Kragtens Notariële Akte No. K 07173/02-S gedateer 01/10/2002 is die hierinvermelde eiendom onderhewig aan 'n serwituut van reg van weg 8 meter wyd oor Hoewe 10 OLYMPUS AGRICULTURAL HOLDINGS ten gunste van:

1. Resterende Gedeelte van Hoewe 11 OLYMPUS AGRICULTURAL HOLDINGS = 1,0655 HA
2. Gedeelte 1 van Hoewe 11 OLYMPUS AGRICULTURAL HOLDINGS = 1,0757 HA
3. Gedeelte 2 van Hoewe 11 OLYMPUS AGRICULTURAL HOLDINGS = 1,0679 HA
4. Gedeelte 3 van Hoewe 11 OLYMPUS AGRICULTURAL HOLDINGS = 1,0757 HA

soos meer volledig sal blyk uit gemelde Notariële Akte waarvan 'n afskrif hieraan geheg is."

(b) die volgende serwitute wat slegs Erf 14 in die dorp raak:

"E. By Notarial Deed K: 421/84-S, the right has been granted to the CITY COUNCIL OF PRETORIA to convey electricity over the property hereby transferred together with ancillary rights, and subject to conditions, as will more fully appear on reference to the said Notarial Deed and diagram."

"Kragtens Notariële Akte No. K 8475/96-S gedateer 14/10/96 is die hierinvermelde eiendom onderhewig aan 'n ewigdurende reg om water te neem en vervoer oor die binnegemelde eiendom deur middel van pypeleidings wat reeds gelê is en gelê mag word binne 'n strook grond 3254m² aangedui deur figuur ABCD op kaart SG No. A 10001/92 ten gunste van Rand Water tesame met bykomende regte soos meer volledig sal blyk uit gemelde Notariële Akte waarvan 'n afskrif hieraan geheg is."

(4) KONSOLIDASIE VAN ERWE

Die dorpseienaar sal op sy eie koste Erwe 13 en 14 in die dorp laat konsolideer.

(5) SLOPING VAN GEBOUE EN STRUKTURE

Die dorpseienaar moet op eie koste alle bestaande geboue en strukture wat binne boulynreserwes, kantruimtes of oor gemeenskaplike grense geleë is, laat sloop tot bevrediging van die Munisipaliteit wanneer die Munisipaliteit dit vereis.

(6) VERWYDERING VAN ROMMEL

Die dorpseienaar moet op eie koste alle rommel binne die dorpsgebied laat verwyder tot bevrediging van die Munisipaliteit wanneer die Munisipaliteit dit vereis.

(7) VERSKUIWING OF DIE VERVANGING VAN TELKOM EN MUNISIPALE DIENSTE

Indien dit as gevolg van die stigting van die dorp nodig word om enige bestaande munisipale dienste te verskuif of te vervang moet die koste daarvan deur die dorpseienaar gedra word.

(8) VERSKUIWING OF DIE VERVANGING VAN ESKOM KRAGLYNE

Indien dit as gevolg van die stigting van die dorp nodig word om enige bestaande Eskom kraglyne te verskuif of te vervang moet die koste daarvan deur die dorpseienaar gedra word.

2. TITELVOORWAARDES

Die erwe hieronder genoem is onderworpe aan die voorwaardes soos aangedui, opgelê deur die Munisipaliteit ingevolge die bepalings van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1986 (Ordinansie 15 van 1986).

(1) ALLE ERWE

- (a) Die erf is onderworpe aan 'n serwituut 2m breed, vir munisipale dienste (water, riool, elektrisiteit en stormwater) (hierna verwys as "die dienste"), ten gunste van die plaaslike bestuur, langs enige twee grense, uitgesonderd 'n straatgrens en, in die geval van 'n pypsteelerf, 'n addisionele serwituut vir munisipale doeleindes 2m breed oor die toegangsgedeelte van die erf, indien en wanneer verlang deur die plaaslike bestuur. Met dien verstande dat die plaaslike bestuur van enige sodanige serwituut mag afsien.
 - (b) Geen gebou of ander struktuur mag binne die voornoemde serwituutgebied opgerig word nie en geen grootwortelbome mag binne die gebied van sodanige serwituut of binne 'n afstand van 2m daarvan geplant word nie.
 - (c) Die Munisipaliteit is geregtig om enige materiaal wat deur hom uitgegrawe word tydens die aanleg, onderhoud of verwydering van sodanige dienste en ander werke wat hy volgens goeddunke noodsaaklik ag, tydelik te plaas op die grond wat aan die voornoemde serwituut grens en voorts is die Munisipaliteit geregtig tot redelike toegang tot genoemde grond vir die voornoemde doel, onderworpe daaraan dat die Munisipaliteit enige skade vergoed wat gedurende die aanleg, onderhoud of verwyderings van sodanige rioolhoofpyleidings en ander werke veroorsaak word.
-

LOCAL AUTHORITY NOTICE 2419**KUNGWINI LOCAL MUNICIPALITY
PERI-URBAN AMENDMENT SCHEME 382**

It is hereby notified in terms of the provisions of Section 125 of the Town Planning and Townships Ordinance, 1986 (Ordinance 15 of 1986), that Kungwini Local Municipality has approved an amendment scheme with regard to the land in the township Boardwalk Villas Extension 4, being an amendment of the Peri-Urban Town Planning Scheme, 1975.

This amendment is known as the Peri-Urban Amendment Scheme 382 and will be effective as from the date of this publication.

PLAASLIKE BESTUURSKENNISGEWING 2419**KUNGWINI PLAASLIKE MUNISIPALITEIT
PERI-URBAN WYSIGINGSKEMA 382**

Hiermee word ooreenkomstig die bepalings van Artikel 125 van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1986 (Ordonnansie 15 van 1986), bekend gemaak dat Kungwini Plaaslike Munisipaliteit, 'n wysigingskema met betrekking tot die grond in die dorp Boardwalk Villas Uitbreiding 4, synde 'n wysiging van die Peri-Urban Dorpsbeplanningskema, 1975, goedgekeur het.

Hierdie wysiging staan bekend as die Peri-Urban Wysigingskema 382 en sal van krag wees vanaf die datum van hierdie kennisgewing.
